



Hinterland

Registration no. 2012/035806/07

HINTERLAND HARTBEESFOTEIN - BRAAIDAG KOMPETISIE

Neem deel aan die Braaidag Kompetisie by Hinterland Hartbeesfontein op 24 September en staan 'n kans om verskeie pryse én 'n wisseltrofee te wen!

Kompetisiereëls

1. Die besluit van die beoordelaars is finaal en Hinterland sal nie in enige korrespondensie tree in die verband nie.
2. Neem deel aan die Braaidag Kompetisie by Hinterland Hartbeesfontein op 24 September en staan 'n kans om verskeie pryse én 'n wisseltrofee te wen!
3. Die kompetisie is geldig slegs op 24 September 2021.
4. Die kompetisieprys bestaan uit: verskeie pryse en 'n wisseltrofee vir die wenner. Die wenners word gekies volgens die volgende kategorieë: Beste spangees, beste stalletjie en smaaklikste kos .
5. Alles wat voorgesit word moet op die vuur voorberei word.
6. Alle persone mag deelneem, uitgesluit personeel en hul gesinne van Hinterland SA (Edms) Beperk, Senwes Beperk en Hinterland Fuels (Edms) Beperk asook Hinterland SA (Edms) Beperk se borge, verskaffers en/of hul reklame agentskappe. (Verskaffers mag deelneem, maar kan nie in aanmerking kom vir enige van die pryse of die wisseltrofee nie.)
7. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir inskrywings wat nie ontvang word nie of verlore raak.
8. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of enige verliese gely deur persone wat aan die kompetisie deelneem nie.
9. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir onakkurate, onvolledige of misleidende inligting verskaf deur die prys borge nie.
10. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of beserings wat voortvloei uit die gebruik van die pryse nie.
11. Die wenners sal deur volgens kategorie gekies word deur beoordelaars op 24 September 2021.
12. Die wenners sal persoonlik die pryse in ontvangs moet neem by Hinterland Hartbeesfontein.
13. Die pryse kan nie vir kontant geruil word nie.
14. Hinterland is geregtig om massapos, e-pos en SMS bemerking aan alle deelnemers wat vir die kompetisie inskryf, te stuur.
15. Kompetisienommer: **hin/kom049**
16. 'n Kopie van die terme en voorwaardes is by Hinterland se deelnemende handelstakke beskikbaar.
17. Die kompetisiedata en ander relevante inligting sal vir 'n tydperk van drie jaar bewaar word.